

Omstandighede

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B243

Skriflesing uit Fil.4:1-23

Kernvers: Jo.16:33 – ‘Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.’

Geliefdes daar is ‘n groot oorheersende tog ontwykende behoefte in die mens om vrede te wil hê. Maar dit is slegs bekombaar in die Here Jesus. Graag wil ek dus vir u ‘n patroon gee d.m.v. God se Woord.

Daar is baie van ons wat deur baie moeilike tye gegaan het en steeds daardeur gaan; van u wat dierbares aan die dood moes afgee, verliese gely het, siekte, teleurstelling, hartseer ens. Dis nie ‘n maklike wêreld waarin ons leef nie.

Daarom wil ek u aandag weereens vestig op ons kernvers waar Jesus gesê het dat in hierdie wêreld sal ons verdrukking hê maar dat Hy die wêreld oorwin het. Ons moet dus nie ontvlugters word wat wil weghardloop vir probleme nie want dit sal niks help nie.

Hierdie wêreld waarna Jesus verwys is in die hande van Satan – die hele stelsel is duiwels gemotiveerd. Hy is ‘n moordenaar en die oorsaak van alle vernietiging, verdrukking – van trane en hartseer, dood en lyding. Jesus het self gesê dat hy die prins is van hierdie wêreld.

Paulus noem hom die god van hierdie wêreld in 11Kor.11:4 – en dat hy die sinne verblind van dié wat nie glo nie. Dit is ‘n feit wat ons as Christene nie moet vergeet nie, want dan sal ons verstaan wat aan die gang is.

Maar prys die Here hierdie wêreld gaan nie vir ewig duur nie – dit gaan tot niet gemaak word. En wat gaan kom in sy plek? Die Koninkryk van onse Here Jesus! Is dit nie wonderlik nie? Is dit nie heerlik nie?

Toe die mens gesondig het, het hy die heerskappy aan die duiwel afgestaan maar dank die Here toe Jesus kom sterf het aan die kruis het Hy die Satan oorwin en aan ons, Sy kinders mag gegee oor al die krag van die duiwel. Hallelujah!